

# Paswerk en Masjinerie



Paswerk en Masjinerie is 'n belangrike vakgebied binne die meganiese ingenieurswese wat fokus op die vervaardiging, herstel en aanpassing van metaal onderdele. Hierdie praktyk behels die gebruik van verskeie handgereedskap en masjiene, soos draaibanke en freemasjiene, om presiese komponente te skep volgens spesifieke afmetings en toleransies.

Leerders wat Paswerk en Masjinerie bestudeer, leer hoe om tegniese tekeninge te interpreteer, materiale korrek te meet en veilig met toerusting te werk. Akkuraatheid en aandag aan detail is van kardinale belang, aangesien selfs klein foute groot probleme in masjinerie kan veroorsaak.

Verder ontwikkel leerders probleemoplossings vaardighede deur praktiese take en projekte. Hierdie veld bied ook goeie loopbaangeleenthede in nywerhede soos vervaardiging, motor herstel en ingenieursdienste.

Paswerk en Masjinerie speel dus 'n sleutelrol in die ontwikkeling van tegniese vaardighede wat noodsaaklik is vir industriële groei en innovasie.



**Meneer Trevor Smith**  
Departement: Meganiese Tegnologie

